Hoërskool Tuine

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
E-pos: admin@hstuine.co.za
Webtuiste: www.hstuine.co.za

NO 2 VAN 2024 **13 Maart 2024**

Geagte Ouers en voogde

Ons nader die einde van ’n besige, maar baie suksesvolle kwartaal. Ons wil ons opregte dank uitspreek aan al die ouers se insette en betrokkenheid gedurende die kwartaal, veral tydens die Beheerliggaamverkiesing asook die Superreeks wedstryde. Die komende naweek speel ons tuis teen Hoërskool Linden.

Toegang tot die Skool:

Vanaf môre, 14 Maart 2024 sal die hek aan die **weste kant** van die skool nie meer oop wees vir gebruik nie. Ons besef dit is ongerieflik vir ouers wat hul kinders af- en oplaai, maar die veiligheid van ons leerders en personeel is ’n prioriteit vir ons. Leerders sal dus voortaan **slegs van die hoofhek** gebruik moet maak om die terrein in te kom of te verlaat.

Assesseringsplan

Ouers moet asb. kennis neem dat die **skool eers Woensdag om 11:00** sluit. Dit is die amptelike datum wat deurgegee is deur die Departement van Onderwys. Leerders is dus verplig om tot Woensdag nog skool by te woon. Ons kan ook nie toestemming verleen aan ouers wat vroeër met vakansie wil gaan nie.

Ouers en leerders moet ook kennis neem van die volgende eksamenvraestelle wat volgende week geskryf sal word en wat verpligtend is vir almal.

Datum	Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Week 10					
Maandag, 18/03	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans
Dinsdag,19/03	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde / WG	Wiskunde / WG	Wiskunde / WG

Indien ’n leerder een van die vraestelle misloop kan dit sy/haar **promosie aan die einde van die jaar beïnvloed**. Ons vra dus u samewerking dat u sal verseker dat u kind skool bywoon en die vraestelle voltooi. Slegs 'n doktersbrief/ mediese sertifikaat sal verseker dat die leerder die eksamenvraestel later kan aflê indien hy/sy afwesig is.

TERREINVERLATING

Ons het reeds in ’n vorige omsendbrief gevra dat u asb. alle afsprake in die middae na skool moet reël. Kosbare onderrigtyd gaan verlore vir u kind. Daar is ’n ongelooflike tendens van leerders wat uitteken tydens skoolure.

Dit is steurend vir die personeel want leerders word uitgeroep en die leerders mis uit op onderrigtyd. Ons vra dat u asb. nie u kind kom uitteken indien hy/sy u skakel en bewerings maak dat daar nie gewerk word in die klasse nie. Leerders sal slegs aan die EINDE van ’n periode uitgeroep word.

Ons kry al meer en meer situasies waar ’n e-pos gestuur word van ’n “ouer” wat aandui dat sy/haar kind deur ’n ander persoon (wat nie op ons stelsel gelys is nie) uitgeteken mag word.
NEEM KENNIS VAN DIE VOLGENDE: ’n Leerder mag slegs die terrein verlaat indien die ouer SELF die leerder by die algemene kantoor kom afhaal. Geen alternatief sal aanvaar word nie, tensy vooraf reëlings (ten minste twee dae voor die tyd) getref word, wat deur die algemene kantoor geverifieer kan word.

Skoolrekening state

Leerders ontvang vandag hul skoolrekening state**. Baie dankie aan die ouers wat reeds hul verpligtinge nagekom het. U versterk ons hand as skool**. Ons doen ’n ernstige beroep op ouers, wat nog nie hul verpligtinge nagekom het nie, om ag te slaan op u verantwoordelikhede en so spoedig moontlik u rekening te vereffen of om reëlings te tref met mev. Mentz.

Oueraand

Neem kennis dat die oueraand op **Donderdag, 11 April 2024** om 17:00-19:30 sal plaasvind. **Ouers moet self u kind** se rapport kom afhaal*. Geen rapport sal aan die leerders gegee word of per e-pos gestuur word nie*. Ons vra dus dat u vroegtydig reëling sal tref om die rapporte te kom afhaal.

Tuine-groete

Mnr. J. Furstenberg
Hoof